HERMANUSDOORNS AANDELEBLOK BEPERK
NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU TE DIE PLAAS OP

3 September 2011 OM 11H00

1. Welkom

Die Voorsitter open die vergadering om 11h00 en verwelkom alle aandeelhouers.

2. Kennisgewing van Vergadering en Korum

Daar is 58 aandeelhouers teenwoordig in persoon of deur gevolmagtigde en die Voorsitter verklaar dat dit ‘n kworum vorm en verigtinge kan voortgaan. Die Voorsitter beklemtoon dat 30 stemme nodig is om ‘n besluit te aanvaar en van krag te maak.

Mnr Gericke en Mnr Vos bied aan om as skeidsregters op te tree en te help met die onafhanklike tel van stemme.

3. Verskonings

Verskonings was ontvang van die volgende persone:

Mnr D. Botha
Mnr M. Frickert
Mnr V. Keys

4. Bevestiging van notule van Vorige Algemene Jaarvergadering (AJV)

Die notule van die vorige AJV is aanvaar.

5. Inleiding

Die Voorsitter verduidelik dat stemming sal geskied met die wys van kaarte, met elke kaart wat een aandeel en dus ook een stem verteenwoordig. Hy het aangegaan deur die rooi en geel gekleurde kaarte te verduidelik. Die rooi kaarte is vir die aandeelhouers wie se heffings na 31 Maart betaal is. Geel is vir die wat die vorige jaar laat betaal het.

6. Voorsittersverslag

6.1 Die Voorsitter benadruk dat korporatiewe bestuur steeds die hoof fokus vir 2011 is en het Mnr Attie du Plessis en die Oudit Komitee in besonder bedank hiervoor. Gedurende die oorsig periode is ‘n prestasie evalueringsprogram vir werknemers geimplementeer.

6.2 Die Voorsitter het ‘n gedetaileerde voorlegging gegee van die vorige jaar se aktiwiteite, insluitend die fauna en flora, rehabilitasie van leen-sandputte, kapitale verbeterings, ontbossing, wildvangste, reenval, wild getalle, veld studie, ens. Hy het benadruk dat 2011 ‘n goeie jaar was, maar dat addisionele risikos nou inherent deel van die besigheid is aangesien addisionele werklading en aktiwiteite , bv bou aktiwiteite, die toename in belangrikheid van verskeie wetsvereistes tot gevolg het (bv elektries, struktuur, ens).

6.3 Hy noem dat die plaas nou lid is van die “Waterberg Nature Conservancy”, Vodacom netwerk en dat seine het verbeter het, Daar moet nog koedoe bulle afgehaal word van die plaas. ‘n Eiendomsagent is gekontrakteer om behulpsaam te wees met die verkoop van aandele / eiendom namens aandeelhouers.

6.4 Hy benadruk dat daar ‘n behoefte bestaan vir verdere sekuriteit en beveel die installasie van alarm stelsels in individuele aandeelhouer huise aan in die lig van toenemende renosterstropery aktiwiteite asook plaasaanvalle in die area.

6.5 Die sake wat aanleiding gegee het tot die besoeke deur die Departement Arbeid aan die plaas en voldoening aan vereistes was ter tafel gele tesame met die feit dat die kostes daarvan van die kapitale heffings verhaal sal word.

6.6 Die plaas is van voorneme om ten volle te voldoen aan die regulasies van die nuwe Maatsakptig Wet tree die volgende AJV, en enige korreksies of aanpassings tot huidige regulasies van die statute en Akte van Oprigting sal dan ter tafel gele word.

6.7 Die aanbevole roete vir die voorgestelde Eskom Bulge tot Dorset 132kV lyn sal nou nie oor die plaas loop nie en aandeelhouers wat hul teenkanting daarmee te kenne gegee het, is bedank daarvoor.

6.8 Die Voorsitter het die finansiele resultate vir die jaar geeindig 28 Februarie 2011 voorgele.

Die Voorsitter se voorlegging kan op die webwerf besigtig word.

7. Algemene Sake

Voordat die Voorsitter aanbeweeg het na Algemene Sake, het Mnr Attie du Plessis dank en waardering uitgespreek teenoor die Voorsitter vir al sy tyd en moeite die afgelope jaar met die bestuur van die plaas se sake.

a. <u>Gewone Besluit 1</u>

Voorgelê Gewone Besluit 1 vir die goedkeuring van notules van die vorige AJV gehou op 2 Oktober 2010.

Die besluit was voorgele vir oorweging.

Voorgestel: Mnr Venter
Sekondant: Mnr Groenewald

Daar was een stem teen, en die ander ten gunste, dus was die besluit aanvaar.

b. <u>Gewone Besluit 2</u>

Voorgelê as Gewone Besluit 2 vir die ontvangs en aanneem van die Maatskappy se JFS (Jaarlikse Finansiele State) vir die jaar geeindig 28 Februarie 2011 tesame met die verslae van die direkteure en ouditeure.

Die Voorsitter het deur die besonderhede van die inkomste en uitgawe tesame met kontantvloei en balansstaat items in sy Voorsittersverslag gegaan. Hy het ook ‘n analise van die heffings voorgele. Die uitreik van state vir elektrisiteit gaan verander en maandeliks uitgestuur word vir kontantvloei doeleindes, en die elektrisiteits koste sal verhoog tot R1-20 per eenheid vanaf 1 September.

Hy verwag dat die heffing verhoging vir 2012 / 2013 7.4% sal wees en die kapitaleheffing onveranderd sal bly. Hierdie is slegs ‘n indikasie vir aandeelhouers om hul kontantvloei betyds te beplan sodat hulle heffings op tyd betaal kan word. Die verwagte skoonmaakfooi sal R135 wees vanaf 1 Februarie.

Die besluit om die JFS te aanvaar was voorgele vir oorweging.

Voorgestel: Mnr Venter
Sekondant: Mnr Cochrane

Almal ten gunste en die besluit is aanvaar.

c. Gewone Besluit 3

Voorgelê as Gewone Besluit 3 om Russel James and Company Incorporated as ouditeure vir die Maatskappy te behou tot afhandeling van die volgende AJV.

Voorgestel: Mnr Smith
Sekondant: Mev Venter

Almal ten gunste en die besluit is aanvaar.

8. Spesiale Sake

Tydens 'n vorige AJV (2006) was 'n gewone besluit aanvaar wat verhoed dat verdere aandele in sindikate geplaas word. Op versoek van aandeelhouers by die AJV van 2010, was die Raad versoek om hierdie besluit te her-oorweeg en indien enigsins moontlik 'n werkbare voorstel voor te le wat die oordrag van aandele na meer as een individu moontlik maak. Hierdie het veral betrekking op huidige aandeelhouers wat hul aandeel wil nalaat aan hul kinders in die geval van hul afsterwe. Dit sal dan ook van toepassing wees op aandele wat tans nie deur 'n natuurlike persoon gehou word nie.

Spesiale Besluit no 1 was ter tafel gele, tesame met verskeie opsies asook die terugvoer en korrespondensie ontvang in hierdie verband sedert die sirkulering van die Kennisgewing van die AJV,'n Lewendige debat is gevoer. Die opsies is vervat in die Voorsitter se verslag.

Alhoewel die algemene konsensus was dat toegewings gemaak moet word vir die vererwing aan meer as een kind, was daar 'n kommer oor die benadeling van die wildernis en karakter van die plaas met die oopstel van sindikate. Die opsie van trusts en omskakeling van die aandeleblok na deeltitel moet ook verder nagevors word veral in die lig van toekomstige bemarking en herverkoop van aandele.

Die spesiale besluit was nie voorgle vir stemming nie, maar die direksie is versoek om die aangeleentheid verder te ondersoek vir voorlegging aan die volgende AJV.

9. Verkiesing van Direkteure

Daar was geen rotasie van direkteure, in terme van die statute nie en geen Direkteure is ter tafel vir verkiesing of herverkiesing hierdie jaar nie.

10. Medium en Lang Termyn Planne

Die Voorsitter het die medium en langtermyn planne voorgele met finansiele stabiliteit as prioriteit.

Die planne om die pad te skuif wat oor die Waterbok pan damwal loop is geskrap weens die tipe grond wat by die voorgestelde pad voorkom.

11. Algemeen

Mnr Groenewald vra die Raad om verskoning namens al die aandeelhouers vir die brief wat vroeer voorgelees was deur Mnr Attie du Plessis en bedank die direkteure vir hul insette en die manier waarop die plaas en die sake bestuur word. Hy was ondersteun deur Mnr Swanepoel.

Mnr Vos het die kwessie van 'n redelike spoed wat nie gehandhaaf word nie geopper en dat daar op verskeie geleenthede plaas werknemers was wat hieraan skuldig is. Die Voorsitter sal hierdie punt met die plaasbestuur bespreek om dit te monitor.

Die datum van die algemene jaarsvergadering moet versigtig bepaal word en die pad vanaf Modimole na Vaalwater moet in gedagte gehou word terwyl daar padwerke is. Die volgende tye is nie gewenste tye nie: laaste naweek van die maand, die naweke aan die begin van skoolvakansies en die 1ste naweek in September wat nog ‘n Zioniste naweek is en dieselfde verkeers probleme as die Paasnaweek het.

Die byvoeging van ‘n besprekingsforum op die webblad was versoek sodat aandeelhouers hul insette daarop kan aanbring en om ‘n besprekings netwerk te bewerkstellig.

Mnr van der Hoven versoek dat Rooibokke hervestig word by die rivier erwe aan die ander kant van die berg.

Mnr van As bedank die raad dat hul die klagte wat ontvang is rakende die dam wat hy besig is om te bou in Breekloof onder sy aandag gebring het en die manier waarop die Raad dit hanteer het, Hy beklemtoon dat hierdie dam op sy eie koste aangebring word.

Mnr du Plessis bedank die plaasbestuur vir die werk wat die afgelope jaar gedoen was.

Met geen verdere sake ter bespreking, nooi die Voorsitter almal uit vir middagete.

Vergadering afgesluit om 13h45.

HERMANUSDOORNS WEB TUISTE: www.hermanusdoorns.co.za